Vrydag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Levitikus 19:1-18 (AFR83/AFR2020)

Fokusgedeelte: Levitikus 19:17-18

## Jy kan nie jou naaste liefhê én 'n wrok teen hom koester nie

Gelowiges kan die slagoffer word van 'n boelie, 'n skindertong, 'n rower of 'n ontroue huweliksmaat. So iets veroorsaak dikwels hewige reaksie: gelyke munt-terugbetalings en vuil wasgoed wat uitgehang word.

Party mense reageer meer "beskaafd": stilstuipe, of 'n wasneus voor te hou. So 'n optrede is egter geen oplossing nie. Dit laat nie 'n onstuimige hart egalig klop nie. Meer nog, jou gedagtes word 'n gevangene van die persoon wat onreg aan jou gedoen het. Die gevolg is dat jy nie jou naaste kan liefhê soos jouself nie. God se Gees word bedroef. Waar God se Gees werk, bring dit immers die vrug van liefde en vrede voort.

Levitikus verwys na al tien die gebooie, weliswaar nie in dieselfde volgorde of woorde as in Eksodus 20 of Deuteronomium 5 nie. In Levitikus 19 wys God hoe die Tien Gebooie in praktyk uitgeleef moet word.

Om weer in vrede met iemand wat jou leed aangedoen het, te leef, moet jy die saak met hom of haar uitpraat. Die manier wat God ons gee om weer kalmte in ons gemoedere te kry, is om die skuldige te vergewe. Omdat vergifnis so moeilik is, leer ons Here Jesus ons om ons Vader in die hemel te vra om ons daarmee te help: "*... en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree*" (Matt. 6:12).

Ons kan nie anders as om na vrede met God en ons naaste te strewe nie, want die God na wie se beeld ons geskep is, is die HERE. Dit is Hy wat Homself aan ons verbind het, al het dit gekos dat sy enigste Seun geoffer moes word sodat daar vrede tussen ons en Hom kon kom.

*Sing: Skrifberyming 10-2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)*